

HOOFSTUK 4

DIE NORME VIR 'N KLINIEKSKOOL

Inleiding

Waar die Kliniekskool hierbo volledig beskryf, en die besondere behoeftes van gedragsafwykende leerlinge aangedui is, moet vervolgens vasgestel word in hoeverre dit sy besondere opvoedingsfunksies vervul. Om sodanige evaluering uit te voer, moet daar egter betroubare maatstawwe gevind word, waaraan die sukses al dan nie, van die Kliniekskool Loopspruit gemeet kan word, d.w.s. daar moet norme vir 'n kliniekskool bepaal word. By die bepaling van norme sal die behoeftes van die gedragsafwykende leerlinge, maar ook die uitsprake van gesaghebbendes hieroor, terdeë in ag geneem word.

Ten einde toetsing van die skool aan die norme te vergemaklik, sal die norme onder die volgende hoofde gestel word: die doel, die inhoud, die metodes, die tug, evaluering en desertifisering, die personeel, die administrasie, die skoolgeboue en toerusting, die gronde, die finansiering, die beheer, die leerlinge, die koshuise, en die terapeutiese diens.

Bepaling van norme

'n Norm kan in die algemeen omskryf word as: „elke positiewe regel die een bepaalde wijze van gedrag of handelen voorschryft”¹⁾, d.w.s. hoe die goeie en regte gedrag of handeling aan die een kant nagestreef, en uitgeleef moet word, en tegelyk hiermee, moet die verkeerde en slegte gedrag of handeling nie net verbied²⁾ en vermy nie, maar ook bestry word.

Die kernmomente van norme moet dus in hierdie besondere geval gesien word as eise, vereistes, maatstawwe, waardemeters, kriteria³⁾ wat neergelê word as reëls of riglyne⁴⁾ uit grondslae en beginsels van die opvoedkunde, waarvolgens die handeling moet plaasvind vir die herstel van verkeerde en slegte gedrag in die opvoedingsfunksies van 'n kliniekskool.

Van Dijk. Mens en medemens, p. 63.

Ibid.

Preller, S.J. Transvaalse biologieleergang. 'n Sosiologiese, psigologiese, pedagogiese studie.

Du Toit, J.B.; Steyn, A.F. & Rip, C. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 4.

(a) Norme vir die doel

Die doeleindes van 'n kliniekskool moet gesien en behandel word teen die agtergrond van die doeleindes van die gewone, normale skool (waaruit die leerlinge tydelik weggeneem word), en hiervolgens moet dan ook onderskei word tussen die onmiddellike, die verwyderde, en die uiteindelijke doeleindes van so'n inrigting.

Soos vir die gewone skool moet die uiteindelijke doel van 'n kliniekskool gewortel wees in en voldoen aan die eise van 'n Christelike lewens- en wêreld-beskouing¹⁾. Dit verg 'n Christelike opvoedingsdoel, te wete die volkome vorming en toerusting van die kind tot mens van God vir alle goeie werke volkome toegerus. Hierdie einddoel bepaal en rig die verwyderde en onmiddellike opvoedingsdoeleindes.

Soos reeds in hoofstuk 1 by implikasie aangedui is, moet die verwyderde doeleindes die estetiese, etiese en filosofiese toerusting en vorming omvat, terwyl die onmiddellike opvoedingsdoeleindes die biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, ekonomiese, politiese, en logiese vorming en toerusting moet behels²⁾. Sowel die verwyderde as die onmiddellike doeleindes moet heenlei en uiteindelik vervloei in die einddoel van die opvoeding en onderwys in 'n kliniekskool.

Die einddoel staan vas, dog die verwyderde en onmiddellike doeleindes moet rekbaar wees ten einde aan te pas by veranderende lewens- en tydsomstandighede om verband te hou en aan te sluit by die gegewe geestes-aard, gebreke, aanleg, talente, neigings, emosies, behoeftes en aktiwiteite van die gedragsafwykende leerling.

Omdat die kliniekskool primêr daargestel is vir gedragsafwykende leerlinge, het hy 'n eie besondere doel, wat op sy beurt verband hou, bepaal word deur en heenlei tot bereiking van die algemene opvoedingsdoeleindes hierbo uiteengesit. Hierdie besondere doel is ten eerste rehabilitasie en heropvoeding. Dit beoog die „herstel en genees“³⁾ van leerlinge met gedragsafwy-

-
1. De Hovre, F. Paedagogische wijsbegeerte. Een studie in de moderne levensbeschouwingen en opvoedingstheorieën, p. vii; Coetzee, J.C. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 274.
 2. Ibid., p. 271-289 vir die besonderhede.
 3. Die Verslag, p. 66.

kinge deur remediële behandeling¹⁾. Dit is veral gerig op die opvoeding van die gemoedslewe en die verwydering van emosionele blokkasies, sodat habilitasie - liggaamlik, geestelik, verstandelik, emosioneel, kultureel, religieus en sosiaal²⁾ - weer normaal kan plaasvind, maar betrek noodwendig sowel die liggaam as die ken-, gevoels- en strewingslewe.

Tweedens is hierdie doelstelling tegelyk ook voorkomend, want die kliniekskool moet daarop gerig wees om verdere en totale ontsporing van leerlinge te voorkom³⁾ sodat hulle die stigmas van die gereg, die kinderhof, die verbeteringskool of selfs die gevangenis e.a. gespaar kan word⁴⁾, en hulle in alle opsigte „gered“ word vir die volk⁵⁾.

(b) Norme vir die inhoud

Vanweë die feit dat die leerling van die kliniekskool uit die gewone skool en uit sy omgewing verwyder is, moontlik na die gewone skool en besliss na die lewe daarbuite moet terugkeer, en enersyds genees moet word van sy afwyking en andersyds toegerus moet word vir die voortsetting van sy onderbroke skoolloopbaan of vir toetrede tot die gemeenskap, moet die kurrikulum⁶⁾ - insluitende buiteskoolse aktiwiteite⁷⁾, aan besondere eise voldoen.

Die kurrikulum van die kliniekskool moet dieselfde studievakke as dié van die gewone skool insluit, met dieselfde kombinasies van, en keuse tussen vakke wat in die gewone normale hoër- en laerskole gebruiklik is. Hierdeur word die leerling in staat gestel om sy skolastiese loopbaan ononderbroke voort te sit, en word dit vir die skool moontlik gemaak om skolastiese vertraging te diagnostiseer, te remedieer en om vordering te bepaal. Hierdeur

1. Die Verslag, p. 66; Die Notule 1968: Die doel van die Kliniekskool Loopspruit opgestel deur die hoof; Memorandum opgestel deur die adviesraad, 1963. p. 6.
2. Mussen, Conger & Kagan. Child development and personality, p. 5.
3. Die Notule 1968: Die rehabilitasie aan die Kliniekskool Loopspruit, p. 1; Die Verslag, p. 67; Memorandum opgestel deur die adviesraad, 1963, p. 6.
4. Die Notule 1968: Die doel van die Kliniekskool Loopspruit.
5. Ibidem.
6. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 323-331.
7. Mussen, Conger & Kagan. Child development and personality, p. 338-343.

word ook verseker dat inhoud wat nodig is vir volkome toerusting en vorming van die kind as totaliteit aangebied word, te wete die religieuse en sekulêre vakke wat bydra tot die godsdienstige, lewensbeskoulike, fisiologiese, biologiese, historiese, psigologiese, etiese, estetiese, logiese, sosiologiese, ekonomiese, nasionale en internasionale vorming en toerusting¹⁾.

Met die oog op sy besondere, terapeutiese doel, moet die verskillende buiteskoolse aktiwiteite van 'n kliniekskool die volgende insluit:

- (i) Ontspanning en georganiseerde sport, maar ook geleentheid vir vrye, spontane kinderspel²⁾. Kinders by 'n kliniekskool moet in hulle vrye tyd betrek word by individuele of groepsvorme van same- en gekontroleerde spel. Sodanige aktiwiteite het 'n speltherapeutiese waarde omdat kinderspel 'n natuurlike medium van selfekspresie is, en dit die kind in staat stel „to play out his feelings and problems“³⁾, en om selfvertroue en eiewaarde te ontwikkel⁴⁾. Sodanige meedoen aan en geniet van groepspele en -sportsoorte in georganiseerde vorm, moet egter voldoen aan individuele en sosiale eise om werklik terapeutiese waarde te kan hê. Hierdie vorm van terapie bied aan die kind die geleentheid om sy opgekropte spanninge, frustrasie, onstabiliteit, aggressie, angs, vrees, verwarring en verwildering te ontlaai⁵⁾. Dit bied ook aan die kind die geleentheid om te leer⁶⁾ om sy eie probleme en homself tussen ander, in spel te beheers en op te los; om self te besluit en tot selfrealisering te kom; en om erkenning te ontvang vir prestasies wat lei tot selfvertroue.
- (ii) Die kliniekskool moet ook voorsiening maak vir 'n verskeidenheid kulturele aktiwiteite⁷⁾, enersyds met die oog op algemene vorming en

-
1. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 323-331.
 2. Levin, H. & Sears, R.R. Identification with parents as a determinant of doll play in Child development, 27: 135-153, 1956; Sears, R.R. Identification as a form of behavior development in Harris, D.B. (ed.) The concept of development, p. 149-161.
 3. Axline, V.M. Play therapy, p. 9.
 4. Ibid., p. 21.
 5. Ibid., p. 16.
 6. Dollard, J. & Miller, N.E. Personality and psychotherapy, p. 7.; Levy, D.M. Release therapy in American journal of orthopsychiatry, 9: 913-936, 1939.
 7. 'n Kliniekskool moet 'n onderwyser benoem om kulturele aktiwiteite te organiseer.

toerusting van die leerlinge en andersyds, vanweë die terapeutiese waarde daarvan. Hier onder ressorteer die volgende:

- 1) Historiese en ander gedenkwaardige dae en gebeurtenisse moet by die skool gevier word. Hieraan moet die leerlinge 'n aktiewe aandeel hê, sodat hulle daadwerklik kan in- en meeleeft met die volkseie.
 - 2) Die kinders moet produktief besig gehou word met sang-, volksang en volkspele wat meehelp tot selfrealisering.
 - 3) Daar moet klem gelê word op die suiwer gebruik van taal. Deur die leiding en die voorbeeld van, en die onderwysing en tereg wysing deur die onderwysers moet die leerlinge gemotiveer word tot waardering vir en trots op die eie taal.
 - 4) Opvoedkundige uitstappies, wat die verbeelding van 'n leerling aangryp en gevange hou en wat kan meehelp om so iemand te motiveer, moet onderneem word, sodat elke leerling kan beseft dat hy aktief ingesluit is in alle pedagogiese situasies en in wisselwerking met almal staan, ook buite die inrigting.
 - 5) 'n Debatsvereniging is 'n vereiste vir die ontwikkeling van selfvertroue en vir die motivering van leerlinge tot denke, om te praat, te konsentreer en te redeneer voor ander kinders en volwassenes.
 - 6) Die leerlinge moet 'n lewende kontak met wêreldgebeure hou deur eksplorاسie in die biblioteek, en deur die radio, maar ook deur kontak met die onderwyspersoneel.
 - 7) Dit is wenslik dat 'n kliniekskool naby 'n groot dorp geleë moet wees met die oog op die oordrag van kultuur deur die aanbieding van konserte, toneelopvoerings, sanguitvoerings, kunsuitstallings e.a., wat motivering kan wees vir eie navolging en prestasie in bv., voordrag, kuns, sang, ens.
 - 8) Sowel die rolprent as die radio moet vanweë hulle opvoedkundige en ontspanningswaarde betrek word. Rolprente en radioprogramme moet egter sorgvuldig gekeur word; so ook televisie wanneer die tyd daarvoor ryp is.
- (iii) 'n Ruim verskeidenheid stokperdjies moet aan 'n kliniekskool beoefen word, sodat voorsiening gemaak word vir konstruktiewe, skeppende aktiwiteit volgens individuele behoeftes, belangstelling en aanleg; en sodat emosionele ontlading kan plaasvind.

- (iv) Arbeidsterapie is 'n onmisbare komponent en vereiste in 'n kliniekskool, omdat dit kinders leer om aktief en konstruktief besig te bly; dit prikkel tot selfekspresie, skepping en waardering van die voltooide produkte; dit stimuleer tot arbeidsvreugde en verantwoordelikheid; dit prestasiegenot verskaf; en dit energie langs gewenste kanale lei.
- (v) Aangesien die neiging tot gedragsafwyking by seuns drie maal hoër is as by meisies, moet die waarde van die kadetafdeling vir seuns, as motivering van dissipline, netheid e.a. basiese deugde sterk beklemtoon word.
- (vi) Die kliniekskool moet ook voorsiening maak vir deelname aan jeugbewegings soos die Voortrekker en Padvinders, omdat dit sosialiserende waarde het, dit die avontuurlus bevredig, en dit prikkel tot altruïstiese diens.
- (vii) 'n Kliniekskool moet vanweë die afgesonderdheid van sy leerlinge, ruim voorsiening maak vir vorming en toerusting van die kinders. Hulle moet gemotiveer word tot bywoning van die eredienste en katkisasie wat gereël word en dit moet aangevul word met die gereelde godsdiensoefeninge van die kliniekskool en met individuele godsdiensoefening gedurende stiltetye. Vir hierdie doel moet Bybels aan leerlinge geskenk word as hulle uit eie beweging daarvoor kom vra.

(c) Norme vir die metodes

Volgens die departementele voorskrif vir die Kliniekskool val die „hoofklem op remediële behandeling, beide sielkundig en skolasties“¹⁾ om die kinders met gedragsafwykinge aangepas te kry ...²⁾. Dit is eers sielkundige behandeling as voorwaarde vir skolastiese aanpassing. 'n Primêre eis aan 'n kliniekskool is derhalwe dat dit remediërende sielkundige behandeling moet bied. Dit sluit in diagnostisering³⁾ om die oorsake⁴⁾ van gedragsafwykinge by leerlinge vas te stel; psigoterapeutiese behandeling⁵⁾

-
1. Die Verslag, p. 78.
 2. Ibid., Memorandum opgestel deur die adviesraad, 1963, p. 7-9.
 3. Vgl. hoofstuk 4. (n) (i) en (ii).
 4. Vgl. hoofstuk 3. 2.
 5. Vgl. hoofstuk 4.(n) (v).

volgens elkeen se behoeftes¹⁾ teneinde blokkasies op hulle emosionele lewens te elimineer²⁾; en die motivering³⁾ vir die aanleer⁴⁾ van aanvaarde individuele en sosiale gedrag⁵⁾ as norm- en wetsgehoorsame kinders in 'n skoolsituasie en in 'n gemeenskap.

Vir die „herstelproses" van 'n leerling is die vereistes en maatstawwe dat die aktiwiteite soos volg verloop:

- (i) 'n Kliniekskool moet te alle tye 'n terapeutiese klimaat hê. 'n Kind moet aanvaar word soos hy is in sy eie belewingswêreld met eie belewingsprobleme. 'n Kliniekskool moet in die basiese behoeftes van liefde, geborgenheid, veiligheid, sekuriteit, rustigheid van gemoed ens. vir gesindheidbou van die kinders voorsien.
- (ii) Die kliniekskool moet sodanig georganiseer en so saamgestel wees dat dit as 'n eenheid funksioneer, sodat elke individuele leerling in sy kontakte⁶⁾ die heilsame invloed van groepsterapie en groepsnorme ondervind, want dit is 'n belangrike hulpmiddel by sy rehabilitasie en heropvoeding.
- (iii) Namate die psigoterapeutiese behandeling op emosionele vlak vorder, om die „siektetoestand" te verwyder en te genees, behoort die leerling ook beter in staat te wees om te konsentreer en skolasties te vorder. Die onderwysmetode moet derhalwe hoofsaaklik die individuele wees, wat alle spanninge in skoolwerk sover as moontlik uitskakel⁷⁾ vanweë individuele leiding, hulp en onderwys wat elkeen ontvang om volgens eie vermoëns die skoolleerplanne deur te werk.

1. Vgl. hoofstuk 3. 3.
2. Johdai, K. A field theory of extinction and spontaneous recovery in Psychological review, 63: 243-248; vgl. hoofstuk 4.(n).(iv).
3. Birch, A. Motivational interpretation of extinction in Nebraska symposium on motivation, p. 179-197.
4. Mowrer, O.H. On the dual nature of learning. A reinterpretation of conditioning and problem-solving in Harvard educational review, 17: 102-148, 1947; Huff, F.W. Learning and psychotherapy in Psychological bulletin, 6: 459-468, 1964; Bayles, E.E. The idea of learning as development of insight in Educational theory, 2: 65-71, 1952.
5. Goldberg, S.C. The situational determinants of conformity to social norms in Journal of abnormal and social psychology, 49(3): 325-329, July, 1954; Back, K. Influence through social communication in Journal of abnormal and social psychology, 46(1): 9-23, Jan., 1951.
6. Hayes, E.C. Introduction to the study of sociology, p. 652.
7. Die Notules van die Kliniekskool Loopspruit.

- (iv) Vakonderwys verdien geen plek in die laerskoolafdeling nie, maar in die hoërskoolafdeling d.w.s. vanaf standerd 6 en hoër op, wel.
- (v) Elke onderwyser/es moet van die skoolhoof alle inligting omtrent sy/haar taak en roeping as onderwyser-opvoeder in die pedagogies-psigo-terapeutiese inrigting in 'n kosskoolsituasie ontvang. Hierdie inligting moet eenvormig wees in die vorm van dokumente of by wyse van mededelings op personeelvergaderings en by klasbesoek.
- (vi) Die metode van aanbieding van die leerstof moet gerig wees op die remediëring van die gedragsafwykende leerlinge, daarom moet dit:
- 1) slegs bedoel wees vir leerlinge met normale en bonormale intelligensie wat nie volgens hulle vermoëns presteer nie;
 - 2) by die klasonderwyser begin met die doel om leerlinge te bevry van swak en verkeerde leergewoontes, en hulle te motiveer vir die regte leergewoontes;
 - 3) daartoe bydrae dat nie net skolastiese probleme, deur leerlinge volgens eie vermoë, self aangepak, verwerk en opgelos word nie, maar ook hulle probleme buitekant die skool; en
 - 4) individueel wees om die individuele oorsake van vertraging te verwyder, en om die aard van terapeutiese behandeling aan te dui.
- (vii) 'n Verdere vereiste wat aan 'n kliniekskool gestel word is dat alle naskoolese of ekstra-kurrikulêre aktiwiteite so ingestel moet wees en verloop dat dit 'n positiewe bydrae kan lewer tot die sosialiseringsproses, en wel op so'n wyse dat elke leerling se persoonlikheid die aktiewe element is in alle groepsituasies wat eiewaardige selfrealisering kan meebring in die sosiale lewe volgens die verantwoordelike geroepenheid van elke mens as individuele wese met sosiale roeping.
- (d) Norme vir die tug

In alle opvoeding is die element van tug aanwesig¹⁾. Tug moet bydra tot die verwesenliking van die opvoedingsdoel. Veral aan 'n kliniekskool moet tug beoefen word in liefde wat die helpende en reddende hand van 'n onderwyserpersoonlikheid moet motiveer om kinders terug te lei na waar hulle die pad byster geraak het, en om daartoe by te dra dat „discipline or punishment (which)

1. Waterink. Theorie der opvoeding, p. 73.

had no effect"¹⁾ weer op die regte pad effektief kan word²⁾. Veral hier is die ideaal dat alle tug moet lei tot selftug - die hoogste vorm van tug.

Tug en orde kan in 'n kliniekskool nie van mekaar geskei word nie - die een is die voorwaarde vir die bestaan en funksionering van die ander. Pedagogiese tug, waarby selftug ingeslote is, is motivering vir orde, want 'n ordelike milieu is noodsaaklik om elke kind in staat te stel om met ander te leer saamleef, fisies en sosiaal, en om gewenste gesindhede, gedraginge en aanvaarbare kultuurpatrone in alle situasies binne die kliniekskool te ontwikkel. Saam met tug in die pedagogiese situasie is gesag die fundamentele faktor by alle opvoeding. Dit impliseer die element van mag om iets aan leerlinge in die kliniekskool oor te dra, voor te skryf in woord, voorbeeld en gedrag en om dit wat voorgeskryf is af te dwing³⁾. Die opvoeder se gesag is gesag deur God verleen en hierdie gesag moet tot eer van God uitgeoefen word.

In die lig van die voorgaande moet die tug in 'n kliniekskool aan die volgende vereistes voldoen:

- (i) Tug moet deur elke onderwyser, volgens eie bekwaamheid uitgeoefen word in alle situasies van die skool, die koshuis, en alle buiteskoolse aktiwiteite⁴⁾, want dit moet dien om gunstige toestande te skep sodat die doel met alle werk bereik kan word en om elke kind te motiveer om die werk self aan te pak en te voltooi.
- (ii) Op elke oortreding moet tug volg en dit moet altyd geestelike en/of liggaamlike pyn meebring.
- (iii) Tug moet lei tot die sedelike en godsdienstige ontwikkeling van kinders en tot orde wat die voorwaarde is vir liggaamlike en verstandelike ontwikkeling⁵⁾.

1. Evans. The problem of the nervous child, p. 60.
2. Reinhardt, J.M. Psychotherapy seen as breakdown of early communication in Journal of offender therapy, 5(2), 1961; Church, R.M. The varied effects of punishment on behavior in Psychological review, 70(5): 369-402, 1963; Dinsmoor, J.A. Punishment. The avoidance hypothesis in Psychological review, 61: 34-46, 1954.
3. Collier, K.G. The social purposes of education, p. 25.
4. Church, R.M. The varied effects of punishment on behavior in Psychological review, 70(5): 369-402, 1963; Dinsmoor, J.A. Punishment. The avoidance hypothesis in Psychological review, 61: 34-46, 1954.
5. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 352.

(iv) Sowel die direkte as die indirekte metodes van tughandhawing moet in 'n kliniekskool toegepas word. Waar eersgenoemde die ontspoorde of afgedwaalde leerlinge wil terugbring na die regte pad, wil laasgenoemde die leerlinge op die regte pad hou¹⁾. By die toepassing van indirekte tughandhawing moet gebruik gemaak word van alle stimuli wat kan lei tot die nodige aandag, belangstelling, selfwerkzaamheid en gehoorsaamheid.

By direkte tughandhawing moet die volgende geld²⁾:

- 1) Tug met die oog. Dit is 'n privaat-persoonlike middel om te regeer, te lei en te rig; dit is effektief en besit 'n sekere mate van geheimsinnigheid.
- 2) Tug met die woord. Dit het ook simboliese betekenis en kan geskied deur, bv., die verheffing of daling van die stem, stil te bly, die noem van 'n kind se naam, vermaning, berisping ens. Die onderwyser moet ook hierdie vorm van tughandhawing met waardigheid en in verantwoordelikheid aanwend.
- 3) Tug kan ook met die daad geskied, byvoorbeeld deur afsondering waar 'n kind op skool gehou word gedurende pouses, of waar verskillende vorme van strafwerk opgelê word³⁾.
- 4) Beloning, by wyse van 'n woord van waardering, aanmoediging, of lof of selfs 'n blik van goedkeuring, is 'n waardevolle vorm van tug om kinders op die regte pad te hou in 'n kliniekskool, waar die leerlinge juis behoefte het aan erkenning en liefde.
- 5) Liggaamstraf kan in die laaste instansie toegepas word, maar dan moet dit streng volgens die Departementele voorskrifte en regulasies vir 'n kliniekskool en koshuise geskied⁴⁾ en liggaamstraf moet te alle tye gesien word as 'n tugmiddel, en nie as 'n vergeldingsmiddel nie.

(v) By die tughandhawing in 'n kliniekskool moet die volgende beginsels geld:

- 1) Elke onderwyser is 'n gesagsdraer, en moet persoonlik tug uitoefen. Hy moet dit nie deur andere laat doen nie.

1. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 357-359.
2. Ibid., p. 360; Keyter, J. de W. Opvoeding en onderwys, p. 295.
3. Taute, B. Skoolhoof, assistent en professie, p. 146-149.
4. T.O.D. Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, hoofstuk X1, 3.

- 2) Die hele klas moet nooit vir 'n enkeling se oortreding gestraf word nie, dog 'n leerling moet weet dat straf altyd volg op 'n oortreding.
- 3) Tugtiging van 'n leerling moenie die klasorde en klasatmosfeer versteur en belemmer nie.
- 4) Tug moet altyd op 'n onpersoonlike en objektiewe wyse, en nooit volgens 'n vaste tarief geskied nie, want dit moet nie 'n saak van berekening word nie.
- 5) 'n Leerling moet nooit in die openbaar, voor ander leerlinge, gestraf word nie.
- 6) Maak seker dat die skuldige gestraf word en dat so 'n kind bewus en oortuig is van sy oortreding.
- 7) Geen onderwyser behoort 'n kind te straf wanneer sy eie gemoed versteur is nie - hy moet 'n rukkie wag, en moet nie persoonlike opmerkings maak of sy humeur verloor nie, maar moet gelykmatig optree en straf wat pas by die aard van die oortreding en in liefde toedien.

(e) Norme vir evaluering en desertifisering

Die onderwys in 'n kliniekskool is enersyds gerig op die ononderbroke voortsetting van die leerling se skolastiese loopbaan sodat hy by desertifisering òf na 'n gewone skool kan terugkeer òf by bereiking van die boonste grens van skoolpligtigheid 'n skoolsertifikaat kan ontvang met die oog op toetrede tot die arbeidsmark. Hiervolgens moet klastoetse en eksamens ook in die kliniekskool afgeneem word ten einde, soos in 'n gewone skool, skolastiese prestasie te bepaal.

Maar 'n kliniekskool is in die besonder ingestel op remediëring. Die leerling kan egter, volgens Departementele voorskrif¹⁾, gedestertifiseer word eers as hy as normaal aangepas gereken word. Desertifisering kan derhalwe nie bloot op skolastiese prestasie berus nie, dog op evaluering van die leerling as totaliteit.

Om die leerling enigsins bevredigend te evalueer is veel meer as kennismeting deur eksamens nodig. Dit is derhalwe noodsaaklik dat terdeë gebruik gemaak moet word van eksamenprestasies; die resultate van gestandaardiseerde skolastiese toetse, aanpassingsvraelyste, gedragskattingskale²⁾, verslae

-
1. T.O.D. Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, p. 73.
 2. Kyk Bylae A.

t.o.v. werkseienskappe¹⁾, en verslae van prefekte²⁾; die bevindinge van terapeute; en die oordeel van die onderwysers wat die leerlinge voortdurend in die opvoedingsituasie waarnem.

Eers as die gegewens verkry uit al die bg. bronne deskundig vertolk word, kan 'n redelike oordeel gevel word aangaande die mate van vordering van die leerling ter bereiking van die opvoedingsdoeleindes.

(f) Norme vir die personeel

Omdat leerlinge voortdurend gedurende die skooljaar toegelaat en gesertifiseer word en die ondervinding geleer het dat die getalle teen die einde van 'n skooljaar toeneem, moet die personeeltoekenning, anders as vir 'n gewone skool, bereken word volgens die getal leerlinge op rol op die 10-de dag van die vierde skoolkwartaal³⁾ van elke jaar. Sodoende sal die kern van die personeel vir die hele volgende jaar behou word met die oog op kontinuïteit.

'n Kliniekskool moet, vanweë sy eie aard en werksomstandighede, 'n eie gradering en postestruktuur met ooreenstemmende salarisskale en diensvoorwaardes vir sy onderwyspersoneel hê, te wete⁴⁾:

- (i) 'n Kliniekskool met meer as 300 leerlinge moet as 'n H1- en een met minder as 300 leerlinge as 'n H2-skool gegradeer word⁵⁾.
- (ii) Die hoof van 'n kliniekskool moet aan die volgende vereistes voldoen: As onderwyser-opvoedkundige moet hy akademies, waaronder klinies-sielkundig, goed onderlê wees, en moet hy voldoende ervaring hê om die verantwoordelikheid vir die hele organisasie, die doelnastrewing en funksionering van alle fasette van 'n kliniekskool met insig te behartig en om leiding te kan gee in 'n pedagogies-psigoterapeutiese inrigting in 'n kosskoolsituasie⁶⁾.

Dit is voorts noodsaaklik dat die hoof in 'n geskikte en waardige huis op die skoolterrein moet inwoon, ten einde voortdurend beskikbaar te wees om probleemsituasies te hanteer.

1. Kyk Bylae B.
2. Kyk Bylae C.
3. Memorandum opgestel deur die adviesraad. 1963, p. 1.
4. Die Verslag, p. 61-66; T.O.D. Omsendbrief No. 110 van 1968.
5. Ibid.
6. Memorandum opgestel deur die adviesraad. 1963, p. 1.

- (iii) Die visehoof moet oor ewe voortreflike persoonlikheidsienskappe, opleiding, kwalifikasies, bekwaamhede en ervaring beskik. Hy is nie net die hoof se regterhand, wat hom met alles bystaan nie, maar hy moet aan alle vereistes voldoen om die hoof onmiddellik te vervang as lg. om die een of ander rede afwesig is. Hy moet alle opdragte van die hoof uitvoer, en moet 'n minimum aantal lesse waarneem benewens sy administratiewe pligte in die skool, koshuis en plaas. Ook die visehoof moet voortdurend beskikbaar wees en daarom moet hy 'n departementele huis op die skoolterrein bewoon.
- (iv) Vanweë die veeleisende en verantwoordelike aard van die skoolwerk, moet soveel senior onderwysers en onderwyseresse as wat moontlik is benoem word. Daarom moet minstens elke derde assistentspos in die hoër afdeling en elke tweede assistentspos in die laer afdeling as 'n seniorpos gegradeer word.
- (v) Die onderwyspersoneel, bestaande uit mans en dames, moet beskik oor die nodige akademiese en professionele kwalifikasies sowel as oor die nodige ervaring van hierdie soort onderwys. Sielkunde as een hoofvak vir die graad moet as 'n vereiste gestel word. Alle onderwysers is beklee met verantwoordelikheid vir klaswerk, administrasie en organisasie en buitemuurse aktiwiteite; en hulle moet na vermoë meedoen aan remediërende onderwys en terapeutiese werk, wat 'n integrale deel van hulle daaglikse taak is.
- (vi) Ten opsigte van tegniese personeel moet ten volle opgeleide onderwysers in hout- en metaalwerk, en in naaldwerk-huishoudkunde benoem word. Daar moet ten minste een instrukteur en een instruktrise vir seuns en meisies onderskeidelik wees. Die tipe onderwys en arbeidsterapie wat die instrukteurs bied moet nie net 'n onmisbare komponent van psigoterapie wees nie, maar ook 'n inherente deel van remediërende onderwys. Dit moet voorsien in behoeftes soos die herstel van gemoedsrus, moet 'n bydrae lewer tot emosionele sekuriteit, moet prestasiegenot verskaf, moet langs die praktiese weg voorsiening maak vir emosionele ontlading, en moet stimuleer tot sosiale en emosionele aanpassing van die leerlinge.
- (vii) Ten volle opgeleide en ervare onderwysers moet vir liggaamlike opvoeding aan 'n kliniekskool benoem word. Minstens een man en een dame moet die werk behartig by die seuns en meisies respektiewelik. Die liggaamlike

opvoeding moet lei tot gesonde kanalisering van energie, en tot groei en ontwikkeling. Hierdie onderwysers moet ook die leiding neem in die verskillende sportaktiwiteite, wat nie net daartoe moet bydra om d.m.v. prestasies die eiewaardegevoel te versterk nie, maar wat ook moet dien as terapeutiese middel deur, onder meer, 'n goeie eetlus en nagrus te verseker, die kinders gemoedsrus te gee en tot kalmte te stem.

- (viii) Dit is noodsaaklik dat die onderwysers aan 'n kliniekskool nagtoesig moet hou. Voorsiening moet gemaak word vir een onderwyser per 50 leerlinge: die mans hou toesig by die seuns, en die dames by die meisies. Vanweë hulle nagdiens moet hierdie onderwysers verlig word t.o.v. buitemurse aktiwiteite. Verder moet hulle rapporte opstel oor die nagtelike gedrag van kinders. Ook hierdie gegewens word deur die sielkundiges benut.
- (ix) 'n Kliniekskool moet een sielkundige vir elke 50 kinders hê, en wel mans vir die seuns en dames vir die meisies. Hierdie vakkundiges moet geregistreerde kliniese sielkundiges wees, maar tegelyk ook gekwalifiseerde onderwysers. Die psigoterapeutiese en kliniese dienste wat hulle aan 'n kliniekskool lewer is immers onafskeidelik verbonde aan die hele pedagogiese opset van so 'n inrigting. Die sielkundiges moet vir alle doeleindes ressorteer onder die skoolhoof, op die skoolterrein in gerieflike departementele huise inwoon, en ook skakel met die sielkundige diens van die provinsie. Alle sielkundige dienste in so 'n inrigting behoort onder die toesig te geskied van en verrig te word in konsultasie met 'n psigiater. Laasgenoemde vereiste het veral betrekking op die ernstige gevalle, en dit is noodsaaklik dat kontak met die psigiater maklik gemaak moet word.
- (x) Die assistent-sielkundiges verbonde aan klinieke in streke moet opgeleide, en akademies gekwalifiseerde onderwysers wees, met sielkunde as een hoofvak, en minstens een kursus in maatskaplike werk en sosiologie. Hulle vorm die skakel tussen die ouerhuis en die kind in die skool, en trag om gesinne - waar nodig - te rehabiliteer (of sodanige reëlings daarvoor te tref), vir heropname van hulle gedesertifiseerde kinders. Hierdie amp-tenare moet die kliniekskool minstens een keer per maand besoek.
- (xi) Huisvaders moet benoem word. Hulle is inwonende onderwysers (mans en dames) wat verantwoordelikheid moet aanvaar vir toesig oor opgelegde koshuispligte, netheid, ordelikheid, sindelikheid, studie- en eetsaalgedrag.

- (xii) Die hele personeel moet, sover as moontlik, inwoon op die skoolgronde in gerieflike departementele huise.
- (xiii) Die voorsiening van en diensvoorwaardes vir koshuispersoneel moet ooreenstem met dié vir gewone provinsiale skoolkoshuise. Die koshuispersoneel moet derhalwe bestaan uit matrones wat verfynde dames moet wees en wat bygestaan word deur geskikte en bekwame assistent-matrones. Hulle moet toesien dat klere, linneware ens., gestop, gelap en heel is, en dat die geboue skoon gehou word. Hierdie dames van die koshuispersoneel moet in 'n mate arbeidsterapie verrig, veral by die meisies, en hulle moet toesig hou oor die nie-blanke koshuispersoneel wat behulpsaam is met die huishouding soos koskook volgens bepaalde voorgeskrewe vereistes vir 'n gebalanseerde diëet.
- (xiv) Die mediese personeel moet bestaan uit minstens 2 ten volle gekwalifiseerde verpleegsusters sodat daar altyd een in die hospitaal aan diens kan wees. Beide susters moet oor 'n agtergrondskennis van gedragsafwykende leerlinge beskik, en hulle moet veral die damesielkundige met die meisies behulpsaam wees.
- (xv) Die distriksgeneesheer moet die diensdoende medikus van 'n kliniekskool wees. Hy moet die inrigting op voorafbepaalde dae in die middag, na skool, besoek en moet in ernstige gevalle telefonies ingeroep kan word om pasiënte te behandel. In noodgevalle moet van private praktiserende medici gebruik gemaak kan word.
- (xvi) Voorsiening moet daarvoor gemaak word dat leerlinge behandeling deur 'n tandarts kan ondergaan.
- (xvii) 'n Faktotum moet benoem word vir herstel- en kleinere werke in die kliniekskool.
- (xviii) Met die oog op die selfonderhoudende aard, is dit noodsaaklik dat daar 'n boerdery aan 'n kliniekskool moet wees; en die moontlikheid van arbeidsterapie in die boerdery, hoewel geheel en al vrywillig, is nie uitgesluit nie. Daar moet derhalwe 'n plaasbestuurder met 'n goeie kennis en ervaring van algemene boerdery benoem word. Hy moet kan organiseer, met personeel kan werk en moet in staat wees om alle fasette van die boerdery te kan administreer.

(g) Norme vir die administrasie

Die administrasie van 'n kliniekskool omvat alle aspekte van toepassing op 'n gewone provinsiale skool, maar omdat 'n kliniekskool ander- en eiesoortig is, moet dit ook aan die volgende besondere vereistes voldoen:

- (i) Voldoende administratiewe personeel moet voorsien word, om die hoof en personeel van die skool behulpsaam te wees met die byhou en voltooi van die talle persoonlike lêers, dokumente, skoolstate, verslae, briefwisseling e.a. en die boekhouding wat noodsaaklikerwyse vereis word.
 - (ii) Slegs gesertifiseerde gedragsafwykende leerlinge, met normale en bo-normale verstand, wat om die een of ander rede skolasties vertraag is, moet toegelaat word. Die eerste toelating van leerlinge tot 'n kliniekskool moet voorlopig wees sodat hertoetsing en observasie voor finale toelating kan plaasvind.
- Die volgende leerlinge behoort nie tot 'n kliniekskool toegelaat te word nie¹⁾: leerlinge wat ernstige persoonlikheidsprobleme openbaar, en wat emosioneel agterlik is; leerlinge wat verstandelik subnormaal is, d.w.s. 'n I.K. van minder as 75 het, en wat in spesiale skole tuis-hoort; en leerlinge wat psigotiese, psigopatiese en epileptiese neigings toon. Dié leerlinge wat wel finaal toegelaat word se behandelingsperiode moet, indien nodig, kan voortduur tot op 21-jarige ouderdom.
- (iii) Die kliniekskool moet, waar nodig, die gesertifiseerde leerlinge van eenvormige klere, skoene e.a. lewensbenodigdhede, soos hareborsels, kamme, waslappe, tandepasta, skoenpolitoer, ens., voorsien. Sodanige reëling is noodsaaklik, omdat die ouers hulle plig en verantwoordelikheid dikwels in hierdie opsig versaak, die kinders deur die owerheid verwyder is om hulle te behandel met alles wat nodig is totdat hulle „genees" is, en omdat eenvormige behandeling van almal 'n belangrike faktor in die rehabilitasieproses is.
 - (iv) Ouers moet sakgeld aan hulle kinders gee, dog waar hulle dit nalaat moet die kliniekskool daarvoor voorsiening maak.
 - (v) Geen klas moet uit meer as 15 leerlinge bestaan nie, ten einde die nodige individuele aandag te verseker.

1. Van der Walt, M.P.A. Die Kliniekskool Loopspruit vir gedragsafwykende kinders, p. 3-4.

- (vi) Vanweë die groot verskil in ontwikkelingspeil tussen adolessente en laerskoolkinders, moet afsonderlike kliniekskole vir primêre en sekondêre leerlinge opgerig word.
- (vii) Alle onderwysers moet gedurig toesig hou en kontrole of beheer uitoefen oor alle situasies: vrye tyd, spele, sport, stokperdjies, koshuislewe, ensovoorts.
- (viii) Die onderwysdepartement moet die nodige beskerming en sekuriteit aan onderwysers verleen wanneer hulle leerlinge, wat veral ná vakansies wegloop, moet gaan soek, en in dié proses hulle privaat motors moet gebruik.
- (ix) 'n Persoonlike lêer moet vir elke leerling bygehou word totdat hy gedesertifiseer is.
- (x) Gratis mediese en tandheelkundige dienste moet verskaf word en die administrasie hiervan moet so eenvoudig moontlik wees.
- (xi) Die koshuise en die boerdery moet as afsonderlike eenhede geadministreer word.
- (xii) Verslae oor nasorgwerk deur die assistent-sielkundiges moet gereeld gevorder en geliasseer word in die persoonlike lêers van leerlinge, met die oog op doeltreffende gebruik deur die personeel.

(h) Norme vir die geboue en toerusting

Die skoolgebouekompleks van 'n kliniekskool moet bestaan uit 'n goed toegeruste administratiewe blok met kantore vir die hoof, die vise-hoof en die sekretaresse-tiksters; voorradekamers; en 'n ruim personeelkamer met toilette vir die personeel.

Hierdie blok moet maklik bereikbaar wees vanaf die klaskamers en die biblioteek. Laasgenoemde moet besonder goed toegerus wees met boeke, tydskrifte en koerante omdat die leerlinge betreklik afgesonderd leef.

Die klaskamers moet 'n eenheid vorm, verkieslik in 'n vierkant- of U-vorm gerangskik met stoepe wat onderdak verbind is, sodat klaswisseling maklik gekontroleer kan word. 'n Laboratorium, kunskamer, 'n handwerk- en huishoudkundesentrum moet nabygeleë en baie goed toegerus wees, en toiletkamers vir seuns en meisies moet maklik bereikbaar wees.

Die skool moet deeglik toegerus wees met moderne leermiddele, soos strookfilm- en rolprentprojektors, modelle, muurkaarte, flennieborde e.a. aanskouingsmiddele.

Die klaskamers moet verbind wees met 'n moderne skoolsaal. Die saal moet 'n groot verhoog, genoeg vensters, verhoogligte, opgestopte stoele, verdonkeringsgeriewe, 'n rolprentskerm en 'n filmprojektorkamer hê.

Die kliniekskool moet ook beskik oor 'n saal vir arbeidsterapie en stokperdjiekamers met die nodige materiaal.

Aangesien leerlinge moontlik soms tot op 21-jarige ouderdom geakkommodeer moet word, moet daar voorsiening gemaak word vir ambagsopleiding. Dit verg die voorsiening van enkele goed toegeruste werksinkels.

Goed toegeruste sielkunde klinieke is 'n vereiste. Die maatstaf moet wees een kliniek vir elke 50 leerlinge. Eenrigting deursigtige glas moet vir observasiedoeleindes aangebring word.

'n Doeltreffende telefoondiens is uiters noodsaaklik by 'n kliniekskool, wat afgesonderd is en dit moet ook direk met die skoolhoof se woning verbind wees.

(i) Norme vir die gronde

Die terrein van 'n kliniekskool moet minstens 55 morges beslaan, waarvan 40 morges bewerk kan word. Die 15 morges wat oorbly moet deur die gebouekompleks en sportvelde in beslag geneem word. Die gronde moet geleë wees in die nabyheid van 'n dorp en moet 'n rustige atmosfeer skep. Vanweë die afgesonderdheid van die leerlinge en die opvoedkundige en terapeutiese waarde van sport, moet 'n groot verskeidenheid sportsoorte aangebied word, daarom is voldoende hokkie-, rugby-, krieket-, en netbalvelde en tennis- en atletiekbane noodsaaklik.

(j) Norme vir die finansiering

- (i) Vanweë die onstabiele aantal kosgangers en die invloed hiervan op die eenheidskoste moet 'n kliniekskool 'n subsidie per leerling-kosganger ontvang, bereken op die getal kosgangers gedurende die vierde skoolkwartaal van die vorige jaar.
- (ii) Aangesien 'n kliniekskool nie skoolfonds kan insamel deur funksies en deur bydraes van die ouers van leerlinge nie, moet die onderwysdepartement die kliniekskool gratis toerus met alles wat redelikerwyse vir die „herstel“ van die leerlinge nodig is.

- (iii) 'n Kliniekskool moet, vanweë sy afgesonderde ligging, voorsien word van 'n skoolbus. Rekenskap van ritte wat onderneem word moet deur die Departement geëis word, dog die provinsiale administrasie moet verantwoordelik wees vir die instandhouding van die skoolbus, en moet 'n redelike subsidie vir brandstof aan die skool toeken.
 - (iv) Die Onderwysdepartement wat die leerlinge na die kliniekskool verwys, moet jaarliks 'n redelike bedrag geld aan die inrigting beskikbaar stel, wat bestee kan word soos die skoolfonds van 'n gewone skool. Sodanige fonds kan aangevul word met skenkings van die publiek, maar die inrigting moet beslis verbied word om te kollekteer want dit is nie 'n liefdadigheidsinrigting nie.
 - (v) Aan die einde van elke finansiële jaar moet 'n kliniekskool 'n geouditeerde balansstaat indien wat sy inkomste en uitgawes aandui. Die koshuise en die boerdery moet as selfstandige eenhede in die balansstaat figureer.
- (k) Norme vir die beheer
- (i) 'n Kliniekskool moet soos ander gewone skole ressorteer onder 'n onderwysdepartement met sy inspekteurs van onderwys.
 - (ii) Aangesien 'n skoolkomitee of beheerraad nouliks deur die betrokke ouers verkies kan word, moet 'n adviesraad, op aanbeveling van die skoolhoof en inspekteur, deur die onderwysdepartement aangewys word. Die adviesraad dien as skakel met die departement via die skoolraad, stel die behoeftes van die skool en adviseer hoof en skoolraad t.o.v. uitwendige sake soos geboue, implemente, terreine ens. en inwendige sake soos benoeming van onderwysers in vakante poste.
 - (iii) Die adviesraad moet die leemtes en probleme van die kliniekskool waarvan hy bewus is, aan die betrokke instansies, te wete die skoolhoof en skoolraad, voorlê met die doel om so 'n inrigting doeltreffender te laat funksioneer en verder uit te bou volgens die eise van veranderende omstandighede.
- (l) Norme ten opsigte van die leerlinge
- (i) Slegs leerlinge met normale en bonormale verstand, wat gedragsafwykinge vertoon, moet na 'n kliniekskool verwys en aldaar opgeneem word.

- (ii) Slegs gedragsafwykendes wat die volgende simptome vertoon kwalifiseer vir verwysing na 'n kliniekskool¹⁾: stokkiesdraai, onbeheerbaarheid²⁾, diefstal³⁾, aggressie⁴⁾, weglopery⁵⁾, seksprobleme⁶⁾, leuentaai, leeglopery, vloek- en vuil taal, vernielsug, afknouery en woedebuie⁷⁾.
- (m) Norme vir die koshuise
- (i) Groot koshuiseenhede en kleiner huiseenhede moet vir seuns en meisies apart voorsien word waarin leerlinge in groepe saamwoon. Die kleiner huiseenhede moet bewoon word deur die prefekte, en moet dien as 'n middel vir erkenning van, en aansporing en motivering tot goeie gedrag.
- (ii) Daar moet voldoende voorsiening gemaak word vir koshuisinwoning deur alle leerlinge.
- (iii) In die koshuise moet elkeen 'n besondere persoonlike verantwoordelikheid aanvaar t.o.v. netheid en orde in hulle kamers, gange, badkamers, latrines ens.
- (iv) Elkeen moet 'n billike kwota koshuisdiens verrig en bediendes moet in koshuise tot die minimum beperk word.
- (v) Daar moet besliste koshuisreëls wees wat stiptelik nagekom moet word.
- (vi) Alle diensdoende onderwysers moet huisvaders genoem word, maar 'n senior huisvader moet uit hulle midde aangewys word; en alle diensdoende onderwyseresse moet huismoeders genoem word.
- (vii) Daar moet 'n gemeenskaplike eetsaal wees om vrymoedigheid en die aanleer van goeie eetgewoontes en maniere, na die voorbeeld van inwonende diensdoende onderwysers, te bevorder met die oog op die heropvoeding van die kinders.
- (viii) Die koshuislewe moet nie net voorsien in elke kind se basiese behoeftes nie, t.w. 'n dak oor die kop, 'n skoon bed, goeie en genoeg voedsel, maar

1. Vgl. paragraaf (g).(ii), hierbo en Die Verslag, p. 40.

2. Ibid.

3. Drever, J. A dictionary of psychology, p. 56.

4. Lewin, K.; Lippitt, R. & White, R.K. Patterns of aggressive behavior in experimentally created social climates in Journal of social psychology, 10: 271-299, 1939.

5. Die Verslag, p. 40.

6. Gebhard, P.H. et. al. Sex offenders: An analysis of types; A.P.T.O. Sexual deviations in Journal of offender therapy, 8(3), 1964.

7. Die Verslag, p. 36-37; vgl. ook die Memorandum van die Adviesraad.

die klem moet op opvoeding val en daarom moet die koshuise ook geestelike voedsel bied met die oog op bevordering van 'n gevoel van sekuriteit en tevredenheid en die vermindering van spanninge.

- (ix) Aangesien slytasie van sekere toerusting in 'n koshuis baie hoog is as gevolg van simptome van vernielsugtigheid, moet vervangings van matrasse, kussings, lakens, slope, handdoeke ensovoorts, gratis deur die onderwysdepartement verskaf word.
- (n) Norme vir die terapeutiese diens

Omdat die kliniekskool in die besonder ingestel is op terapeutiese diens, op remediële behandeling, moet die kind vir elke uur en elke dag van die week in 'n klinies-sielkundige internaat geplaas word. Doeltreffende terapeutiese diens vereis minstens die volgende:

- (i) By toelating moet die kliniekskool die volgende verslae t.o.v. die betrokke leerling ontvang: van die skool waarvandaan die leerling kom, van die assistent-sielkundige, van die sielkundige se bevinding, van die anamnese, en die Ed.Lab.-kaart. Hierdie verslae moet volle besonderhede bevat betreffende ouderdom, huistaal, vordering op skool, aard van die afwyking en rede vir verwysing, I.K., skolastiese prestasie, fisiese toestand, druiping, getal skole besoek, die huislike milieu, gesinsamestelling, ouerverhoudinge, omgewing en die finansiële toestand.
- (ii) Met in agneming van genoemde besonderhede moet die sielkundige kliniek so 'n volledig moontlike persoonsbeeld of psigiese totaalbeeld van die gedragsafwykende kind konstrueer. Om dit ten uitvoer te bring moet die nodige gebruik gemaak word van diagnostiserings- en ander toetse, projek-sietegnieke en waarneming. Eers dan moet terapeutiese behandeling in terme van 'n prognose voorgeskryf word as die oorsake van gedragsafwykinge by die leerling vasgestel is.

In hierdie verband is dit noodsaaklik dat die volgende prosedures - of ekwiwalente daarvan - gevolg word:

- 1) 'n Syferwaarde vir 'n kind se verstandspeil word bepaal met behulp van Die Individuele Intelligensietoets, Die nuwe Suid-Afrikaanse Groep-toets of Die Nuwe Individuele Skaal.
- 2) Die Aanpassingsvraelys¹⁾ moet toegepas word met die oog op blootleg-

ging van aanpassingsprobleme van leerlinge op individuele en sosiale vlak.

- 3) Die persoonlikheidsvraelys, bv. dié van Bernreuter¹⁾, moet aangewend word om gegewens te verkry oor die betrokke ses persoonlikheidstrekke.
- 4) Die Projeksietegnieke²⁾ moet aangewend word om gegewens te verkry aangaande die persoonlikheid. Die Tematiese Appersepsietoets (T.A.T.)³⁾ lê gegewens omtrent persoonlikheidseienskappe bloot uit 'n verhaal wat die kind skep uit prente wat aan hom voorgehou word. Die tekening van die menslike figuur is aanvullend⁴⁾ om persoonlikheidstrekke verder bloot te lê. Die boomtekeningtoets verstrekk insig in die senso-motoriese aspek, en die aktiwiteit van teken het ook terapeutiese waarde. Die Szonditoets⁵⁾ lei tot gegewens oor die spanninge, en hoe die pasiënt dit hanteer en verwerk teen die agtergrond van sy basiese behoeftes en dryfvere.

Genoemde toetse en tegnieke moet alternerend toegepas word om die bevindinge ten opsigte van persoonlikheidstrekke oor en weer vas te stel en te kontroleer.

- 5) Met al die gegewens, langs bg. weë ingewin, moet die aanvangsbesonderhede aangevul en 'n volledige psigiese persoonlikheidsbeeld van die gedragsafwykende kind saamgestel en opgebou word met die oog op terapie.

(iii) Remediërende behandeling verg psigoterapie in 'n terapeutpasiënt-vertrouensverhouding van geborgenheid, met die oog op verandering van die dinamiese struktuur van die pasiënt se emosionele en gemoedslewe, op emosionele ontlasting, op die verstrekk van insig aan die pasiënt aangaande sy persoonlikheidsstruktuur, en op restrukturering van sy eie persoonlikheid⁶⁾.

-
1. Bernreuter. The personality inventory aangevul deur:- Flanagan. Factor analysis in the study of personality (selfvertroue en sosialiteit); La Grange. Persoonlikheidsvraelys.
 2. Van Lennep. Psychologie van projectieverskijnselen.
 3. Rapaport. Diagnostic psychological testing.
 4. Anderson & Anderson. An introduction to projective techniques.
 5. Deri. Introduction to the Szondi test.
 6. Kubie, L.S. Childhood problems and the teacher, p. 287.

(iv) Na die hele proses van eliminerings¹⁾, bereik deur die pasiënt te lei om sy eie probleme self te herken, te ontdek, te verwerk, op te los en die mure van belemmering af te breek, moet volg motivering vir en substituering van gewenste gedrag deur allerlei soorte van leer²⁾ as 'n vorm van psigoterapie³⁾. Dit omvat fisiese⁴⁾, emosionele⁵⁾, sosiale en religieuse motivering, die wek van 'n gevoel van eiewaarde⁶⁾ en aanpassing na buite op alle terreine⁷⁾ van die normale lewe. In hierdie proses is kontrole⁸⁾

-
1. Razran, G. Extinction re-examined and re-analyzed. A new theory in Psychological review, 63, 1956; Jones, M.R. & Levine, D. Current theory and research in motivation in Nebraska symposium on motivation, X111, 1965.
 2. Bruner, J.S. Learning and thinking in Harvard educational review, 29, 1959; Underwood, B.J. Learning in the educative processes in Harvard educational review, 29, 1959; De Long, A.R. Learning in Review of educational research, 25, 1955; Callentine, M.F. & Warren, J.M. Learning sets in human concept formation in Psychological reports, 1, 1955; Gurnee, H. Group interaction in a learning situation in American psychologist, 3(7), July, 1948; Desiderato, O. The interaction of several variables in latent learning in Journal of experimental psychology, 52, 1956; Brown, G.H. Factors influencing incidental learning in Journal of experimental psychology, 47, 1954; Miller, N.E. Acquisition of avoidance dispositions by social learning in Journal of abnormal and social psychology, 63, 1961; Back, L. Influence through social communication in Journal of abnormal and social psychology, 46(1), Jan., 1951; Liss, E. Motivations in learning in Psychoanalytic study of the child, 10, 1955; Montgomery, K. The role of the exploratory drive in learning in Journal of comparative physiological psychology, 47, 1954; Goldberg, S.C. The situational determinant of conformity to social norms in Journal of abnormal and social psychology, 49(3), July, 1954; Saltzman, I.J. The orient task in incidental and intentional learning in American journal of psychology, 66, 1953; Johnson, E.E. The role of motivational strength in latent learning in Journal of comparative and physiological psychology, 45, 1952.
 3. Bandura, A. Psychotherapy as a learning process in Psychological bulletin, 58, 1961; Levi, D.M. Release therapy in Journal of offender therapy, 3(3), 1958.
 4. Huschka, M. The child's response to coercive bowel training in Psychosomatic medical, 4, 1942; English, O.S. et. al. A study of training in voluntary control of urination in a group of problem children in Psychosomatic medical, 5, 1943.
 5. Ellis, E.R. The immediate effects of emotionality upon behavior strength in Journal of experimental psychology, 54, 1957.
 6. Barnett, I. Changing the patient's self-concept as a step in therapy in Journal of offender therapy, 3(3), 1959; Kagan, J. The concept of identification in Psychological review, 65, 1958.
 7. Apple, D. Learning theory and socialization in American sociological review, 16, 1951; Lückhoff, J.R. (direkteur). Verslag van die gesinskongres, April 1961; Departement van Volkswelsyn en pensioene. Verslag van die Interdepartementele komitee oor afwykende kinders.
 8. Schmidhofer, E. The need for more controls in Journal of offender therapy, 7(2), 1963; Chwast, J. Control: The key to offender therapy in Journal of offender therapy, 7(2), 1963.

of beheer en gesag¹⁾ van die uiterste belang, want die kind moet geleidelik word om te kan onderskei tussen reg en verkeerd in sy strewe om te eksplorieer²⁾, wat uitmond in rehabilitasie.

(v) Saam met die voorgaande moet ook die volgende terapeutiese werkvorme³⁾ bydra tot die rehabilitasie van die gedragsafwykende leerlinge:

- 1) Mediese hulp⁴⁾, in enger sin, wat insluit behandeling met medisyne, materiële voorsiening, en fisiohiëniëse maatreëls.
- 2) Milieubehandeling⁵⁾.
- 3) Kondisionering of gewoontevorming⁶⁾, psigologiese behandeling⁷⁾, reëdukasie⁸⁾, en psigoanalise. Hieronder moet ingesluit word toepassing van die vyf niveaus van Ch. Bühler⁹⁾ as benaderingswyse, en die betrek van die klasonderwyser in die rehabilitasieproses.
- 4) Pedoterapie¹⁰⁾ wat insluit pedagogiese behandeling in die skool; korrektiewe didakties-psigologiese hulp; en ekspressiewe hulp deur spel, handarbeid, teken ensovoorts.

-
1. De Loria, J. Aspect of authority in treatment in Journal of offender therapy, 3(1), 1959.
 2. Montgomery, K. The role of the exploratory drive in learning in Journal of comparative physiological psychology, 47, 1954.
 3. Van Gelder. Ontsporing en correctie, p. 230, 231.
 4. Kenworthy. Extra-medical service in the management of misconduct in children in Mental hygiene, 4(4), October, 1921; A.P.T.O. Community, court, and hospital responsibilities to emotionally disturbed children in Journal of offender therapy, June, 1964.
 5. Baldwin, A.L. The effect of home environment on nursery school behavior in Child development, 20, 1949; Anon. Citizens growing up at home, in school and after; Kohn, M.L. Social class and parental values in American journal of sociology, 64, 1959.
 6. Mowrer, O.H. On the dual nature of learning - a reinterpretation of 'conditioning and problem-solving' in Harvard educational review, 17, 1947; Mowrer & Jones, H. Habit strength as function of the pattern of reinforcement in Journal of experimental psychology, 35, 1945; Green, E.J. Concept formation: a problem in human operant conditioning in Journal of experimental psychology, 49, 1955.
 7. Eichorn, D.H. & Jones, H.E. Maturation in Current psychological issues; Allen, F. Psychotherapy with children.
 8. Hoofstuk 1 van hierdie verhandeling.
 9. Bühler, Ch. et. al. Childhood problems and the teacher, p. 288-313.
 10. Waterink, J. Psychologie en paedagogiek in Eenheid en veelheid. Een bundel opstellen over een aantal aan De Vrije Universiteit onderwezen wetenschappen, p. 75-80.

(vi) 'n Kliniekskool moet voortdurend vasstel in watter mate hy suksesvol is met sy behandeling en rehabilitasie van leerlinge, d.w.s. volledige statistiek moet bygehou word aangaande die aantal en persentasie suksesse behaal.

(vii) 'n Kliniekskool moet 'n doeltreffende en effektiewe nasorgdiens t.o.v. alle gedesertifiseerdes in stand hou. Hieraan moet die volgende deel hê:

- 1) Die assistent-sielkundiges, wat as koördinatore ander dienste en organisasies kan inskakel by die program ten einde die gedesertifiseerdes te betrek by die kerkjeug en dienste op kerklike erf, by jeugorganisasies, sport, georganiseerde vryetydsbesteding, maatskaplike werk, e.a. aktiwiteite, wat positiewe gemeenskapsverhoudinge, in plaas van vereensaming en slegs onpersoonlike, saaklike verhoudinge, bevorder. Die assistent-sielkundige moet voorts opvolgbesoeke, met gereelde tussenposes, by die gedesertifiseerdes aflê om die diens van die skool af te rond deur persoonlike kontak, hulp en leiding in nuwe situasies. Verslae van hierdie nasorgbesoeke moet die betrokke instansies bereik, waar dit in die persoonlike lêers van die gedesertifiseerdes gehou word vir toekomstige opvolgwerk en kontrole.

Ewe belangrik is dat die assistent-sielkundige voortdurend aandag aan gesinsrehabilitasie bestee, sodat die heraanpassing en inpassing van gedesertifiseerdes by hulle eie gesin as intiem-geborge-liefdegemeenskap, op natuurlike en spontane wyse kan geskied, en sodat die gesinslede as 'n eenheidsverband harmonies kan funksioneer.

- 2) Die skoolhoof moet 'n aktiewe aandeel hê in die werkverskaffing aan en plasing van gedesertifiseerde leerlinge in werk. Hy moet, waar nodig, oortuigingswerk en aanbevelings by werkgewers doen t.o.v. die feit dat gerehabiliteerdes se akademiese sertifikate van dieselfde standaard as dié van gewone hoërskole is, en t.o.v. die plasing van 'n gedesertifiseerde in 'n besondere werk. Dit moet dien as stimuli en motivering vir gesonde werkgewer-werknemerverhoudinge, deurdat met die aanvang van indiensneming, 'n gesonde perspektief daargestel is waarin elke sweem of letsel van stigma aan 'n werknemer of die skool verwyder word. Die skoolhoof moet gedesertifiseerdes met vrymoedigheid, uit oortuiging en onvoorwaardelik aanbeveel vir werk as „gered" vir kerk, volk en vaderland.

3. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die norme vir 'n kliniekskool, sover moontlik, volledig uiteengesit met in agneming van die behoeftes van gedragsafwykende leerlinge en die uitsprake van gesagshebbendes op hierdie gebied.

Vervolgens sal die Kliniekskool Loopspruit aan hierdie norme getoets word.